Vereniging van Afrikaanse Wiskunde-onderwysers: Evaluering en opinie van die numeriese Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)

November 2014

Nicolien Welthagen

Samevatting

Die meeste van die respondente (66%) wat die vraelys voltooi het, is van Gauteng en die Wes-Kaap afkomstig. Hulle het die vraelys hoofsaaklik vir die graad 9 JNA's ingevul. Slegs 15% het dit ingevul vir graad 6 en 'n baie klein aantal respondente vir ander grade.

Meer as die helfte van die respondente (56.7%) is van mening dat die JNA's nie 'n getroue weerspieëling van die leerders se syfervaardigheid is nie. Slegs 20% van die respondente voel dat dit wel 'n weerspieëling van leerlinge se syfervaardigheid is. Dit wil voorkom asof daar 'n meer betroubare weërspieëling van laerskoolgrade se syfervaardigheid is.

Die redes wat aangevoer word waarom die JNA's nie 'n getroue weerspieëling is nie, handel daaroor dat die kinders in die meeste van die gevalle nie vir die evaluering voorberei nie omdat hulle weet dat dit vir geen bevorderings- of rapportpunte tel nie. In sommige gevalle word die JNA's in 'n tyd afgeneem wanneer daar ook ander toetsreekse geskryf word of wanneer daar baie ander buitemuurse skoolaktiwiteite is. Sommige onderwysers het ook genoem dat veral die graad 9-vraestel te moeilik is en ver bo die vuurmaakplek van die gemiddelde en swakker leerders is. Verder word die JNA's volgens die onderwysers ook in die verkeerde tyd van die jaar afgeneem, en behoort dit eerder aan die einde van die jaar gedoen te word wanneer die kinders in elk geval hersiening vir die eindeksamen moet doen.

Ongeveer die helfte (48.3%) van die respondente het daarby aangedui dat die resultate slegs tot 'n mate bruikbaar is, terwyl 21.7% meen dat dit glad nie bruikbaar is nie en 21.7% voel dat die wel bruikbaar of baie bruikbaar is (5%).

Diegene wat aandui dat dit bruikbaar of tot 'n mate bruikbaar is, gebruik die resultate om probleemareas of tekortkominge te bepaal wat voor die eindeksamen aangespreek kan word. Vir hierdie rede kan die JNA's dus as hersiening gebruik word.

Ongeveer 'n derde noem egter dat hulle dit, veral vir graad 9, glad nie kan gebruik nie omdat dit te moeilik is. Volgens hulle is dit ook nie 'n getroue weerspieëling van vaardighede nie omdat die kinders nie voorberei nie en dit in baie gevalle aflag of ligtelik opneem. Die resultate is daarom nie betroubaar en bruikbaar nie.

Die meeste respondente dink dat die inhoud van die JNA's wel toepaslik en weldeurdag (36.7%) of tot 'n mate toepaslik of weldeurdag is (37.5%). Negentien persent glo dat dit baie toepaslik is en 5.8% glo dat dit ontoepaslik en ondeurdag is. Die meeste van die respondente (73%) vir graad 6 en graad 9 het aangedui dat die ANA 'n goeie vraestel is wat volgens die CAPS-standaarde opgestel is en die werk wat gedoen is, goed dek. Baie respondente het aangedui dat daar ook 'n goeie verskeidenheid vrae was en beter is as in 2013 (graad 6). Hulle is van mening dat die werk op 'n praktiese wyse getoets is. Wat die inhoud vir die graad 9-evaluering betref, was daar klagtes dat dit te moeilik was.

Die grootste tekortkominge van die JNA's is dat dit op die verkeerde tyd van die jaar afgeneem word en dat dit beter aan die einde van die jaar sal wees. Verder is dit 'n groot probleem dat die kinders nie daarvoor voorberei nie en dit afjaag, vrae uitlaat of 'n bespotting daarvan maak. Baie onderwysers (77.5%) is van mening dat die kinders nie gemotiveerd is om die toetse af te lê nie en nie daarvoor omgee nie. Slegs 21% voel dat die kinders wel

gemotiveerd is. Volgens hulle is dit slegs ’n baie klein groepie top presteerders en toegewyde studente wat graag wil presteer wat daarvoor voorberei en dit ernstig opneem. Hier en daar het onderwysers en skole baie moeite gedoen om kinders wel te motiveer om te presteer. Die probleem is dat dit nie ’n formele assessering is wat vir punte tel nie en die kinders daarvan bewus is.

Die graad 9-onderwysers het veral verder opgemerk dat die vraestel te veel klem op byvoorbeeld aspekte van meetkunde plaas en dat dit nie ’n gebalanseerde vraestel is wat ’n verskeidenheid inhoud goed verspreid insluit nie.

’n Klein groepie onderwysers is ook bekommerd daaroor dat die merkproses nie gestandaardiseerd is nie. Die onderwysers moet dit self merk en blykbaar los die memorandum geen ruimte vir ander metodes om by antwoorde uit te kom nie. Dit is nie ’n buigsame memorandum nie en daar is probleme met halfpunte wat in meetkunde toegeken moet word. Die merkproses is daarby tydrowend en plaas groot druk op onderwysers wat dit in ’n paar dae moet voltooi, veral omdat daar ook nie ’n antwoordblad ingesluit is nie. Soms word die merkery afgejaag of swak gedoen omdat dit ekstra werk is wat gedoen moet word en omdat sommige onderwysers ook voel dat dit tydmors is omrede dit nie vir punte tel nie.

Sommige skole voel geforseerd of is deur hoofde of departementshoofde opdrag gegee om die leerders vir die JNA’s voor te berei en spandeer baie tyd daaraan. Dit geskied ten koste van ander kurrikulum-aktiwiteite wat afgehandel moet word en plaas bykomende druk op die onderwysers en kinders. Sommige onderwysers meen dat daar nie genoeg tyd in klastyd is om vir die JNA’s voor te berei nie en vra dan die kinders om ou vraestelle by die huis deur te werk.

Sommige skole het handleidings vir voorbereiding ontvang en ander nie. Heelwat onderwysers is van mening dat daar nie genoeg tyd is om die kinders deeglik voor te berei nie.

Wat die inhoudelike van die JNA’s betref, dui die onderwysers aan dat die September-toetse slegs oor ’n kwartaal se werk handel en dat die JNA’s die hele jaar se werk evalueer. Baie het dus nie teen September volledig deur die hele kurrikulum gewerk nie. Die JNA’s vergelyk eerder met die November eksamen. Baie respondente (33%) het daarbenewens aangetoon dat daar nie meer in September eksamens geskryf word nie, maar in meeste gevalle slegs toetse.

Ander probleme wat voorgekom het, sluit in dat verkeerde vraestelle afgelewer is, byvoorbeeld dat ’n Afrikaanse skool Engelse vraestelle ontvang het en sprake dat van die vraestelle uitgelek het.

Die respondente het voorgestel dat die JNA’s eerder in November geskryf moet word wanneer die hele sillabus deurgewerk is en dit kan dien as hersiening wanneer die leerders reeds vir die eindeksamen moet voorberei. Daarby moet dit tel as deel van formele assessering en dien as ’n rapportpunt, wat die kinders meer sal motiveer om goed daarvoor voor te berei.

Die respondente het ook voorstelle ten opsigte van die inhoud gemaak. Daar is ’n lys van 35 voorstelle in die voorafgaande verslag gelys.